

KEN JOUSELF*

Siyavula Uploaders

This work is produced by OpenStax-CNX and licensed under the Creative Commons Attribution License 3.0[†]

1 LEWENSORIËNTERING

2 Graad 4

3 PERSOONLIKE ONTWIKKELING

4 Module 11

5 KEN JOUSELF

Identifisering van jou eie sterk punte en dié van jou maats en die gebruik daarvan om probleemsituasies in positiewe leerervarings te omskep.

6 Aktiwiteit 1

7 Om inligting oor jouself op 'n tabel in te vul [LU 3.1]



Figure 1

Hier word in pare gewerk

1. Gebruik die twee tabelle op bladsy 2 om die inligting oor jouself en jou spanmaat sonder bespreking of vergelyking in te vul. Probeer so eerlik moontlik wees oor jouself, maar wees ook regverdig teenoor jou maat.
2. Ruil die tabel waarin jy **jouself** geëvalueer het met jou maat. Verduidelik die antwoorde aan mekaar.
3. Ruil die tabel waarin jy jou **maat** geëvalueer het, met hom/haar. Bespreek weer. Pasop om nie kwaad te word vir mekaar nie. Let veral op daarna dat jou maat dalk positiewe dinge in jou raaksien waaraan jy nie gedink het nie.

*Version 1.1: Jun 12, 2009 1:58 pm -0500

[†]<http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/>

4. Omkring op jou eie tabel jou heel beste prestasie/eienskap met 'n pen en jou heel slegste met 'n potlood.
5. Bespreek met jou spanmaat hoe jy jou beste, asook jou swakste prestasie kan verbeter.
6. Skryf in een paragrafie wat jou mikpunt is t.o.v. van jou swakste eienskap en hoe jy dit gaan probeer verbeter (bv. *My swakste eienskap is dat ek graag skinder. Ek gaan probeer om elke keer as ek iets leliks van iemand wil oorvertel, eerder iets moois van hom/haar te sê*).

Voorbeeld:

Naam: Annelie	Beste prestasie/eienskap	Swakste prestasie/eienskap
AKADEMIE	75% vir Afrikaans	42% vir Wiskunde
SPORT	3 ^{de} plek in naellope	Kan nie tennis speel nie.
KULTUUR	Sing in skoolkoor	Slaag nie klaviereksamen nie
PERSOONLIKHEID	Meestal vriendelik	Skinder graag
VOORKOMS	Blink hare	Krom tone

Table 1

	Beste prestasie/eienskap	Swakste prestasie/eienskap
AKADEMIE		
SPORT		
KULTUUR		
PERSOONLIKHEID		
VOORKOMS		

Table 2

My maat	Beste prestasie/eienskap	Swakste prestasie/eienskap
AKADEMIE		
SPORT		
KULTUUR		
PERSOONLIKHEID		
VOORKOMS		

Table 3

My swakste eienskap/prestasie is

8 Assessering

LEERUITKOMS 3: PERSOONLIKE ONTWIKKELING

Die leerder is in staat om verworwe lewensvaardighede te gebruik om persoonlike potensiaal te verwesenlik en uit te bou ten einde doeltreffend op uitdagings in sy/haar wêreld te reageer.

Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder

3.1 eie sterk punte en dié van ander identifiseer, en verduidelik hoe om minder suksesvolle ervarings na positiewe leerervarings om te skakel.